

11 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 13:22-35

Fokusgedeelte: DL, 2:6

Dit is ongelowiges se eie skuld dat hulle verlore gaan

Ongeloof is seker een van die mees tragiese dinge om te aanskou. 'n Mens kan die hartseer in Jesus se stem hoor as Hy sê (vers 34-35): "Jerusalem, Jerusalem! ... hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie. Kyk, nou word julle stad aan julleself oorgelaat." Kuikens wat weier om onder die hen se vlerke te skuil sal sterf deur hulle eie halsstarrigheid. Soos 'n hen wat haar kuikens wil beskerm het Jesus die evangelie aan die inwoners van Jerusalem gebring, maar hulle wou daar niks van weet nie. Hulle het liever die Here doodgemaak en hulle so self die verlossing ontnem.

Daarom bely ons: "Baie wat deur die evangelie geroep is bekeer hulle nie en glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hulle eie skuld." Mense wat Jesus nie as Verlosser wil aanvaar nie word deur Jesus aan hulleself oorgelaat om hulle self te red. Hulle gaan dus deur hulle eie ongeloof verlore en daarom is dit ook hulle eie skuld.

Hoewel ongeloof een van die mees tragiese dinge is om te aanskou, is dit sekerlik ook die heel verwaandste reaksie moontlik van die mens. God stuur sy Seun om mense te red. Die Seun ly en sterf onder die las van die mensdom se sonde om hulle weer met God te versoen, en tog is daar mense wat dit nie wil aanvaar nie en in hulle ongeloof volhard. Willens en wetens verwerp hulle die Verlosser. 'n Groter geskenk as dit kan nie met groter minagting in God se gesig teruggegooi word nie. Daarom gaan ongelowiges verlore. Hulle sterf in hulle ongeloof en dit is hulle eie skuld. Bid tot God vandag om ons van hierdie verwaande optrede te bewaar!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~